FRITZ OTTO BUSCH, *Tegenspelers van de Koning. Het Leven der Herodessen*, J. H. Kok N.V., Kampen 1959, 201 bls.

Die oorspronklike titel van hierdie boek is *Was begab sich aber zu der Zeit?* en is in Nederlands vertaal deur ds. F. D. Boerkoel.

Die boek behandel die geskiedenis van die Herodesse vanaf Herodes die Grote (40 v.C.) tot by die verwoesting van Jerusalem. Omdat dit die tyd van die Nuwe Testament is, kry ons hier 'n massa historiese gegewens, plekbeskrywings, beskrywings van gewoontes, huise, reise, vorme, wette en wat nog meer wat as agtergrond en illustrasie van die evangelies dien. Die stof is lewendig en gemaklik aangebied, op sommige plekke selfs in 'n vorm wat lyk na 'n roman. Dit slaag daarin om die tyd en gemeenskap waarin Jesus opgetree het, vir ons te laat lewe. Dit prikkel 'n mens ook onwillekeurig tot verdere nalees—soms juis deur aanvegbare stellings.

Dit is een van die interessantste boeke wat ek vir 'n lang tyd gelees het.

DR. P. S. DREYER